Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# JESUS HORISONTAAL

Deel 4 – Aanvaar Mekaar

**Johannes 13:34-35** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

**1 Johannes 4:8** Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.

## God van Aanvaarding

**Galasiërs 3:28** Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.

**Romeine 15:7** Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.

**Romeine 3:23** Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie

**Johannes 3:17-18** God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie…

**Johannes 3:16** God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

**Kolossense 2:14** Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

**Romeine 3:23-24** Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

## Dinge om te Doen

- ✓ Kies om te verstaan

  ***Help my verstaan, hoekom...?***

- ✓ Fokus op wat ander sal opbou

  **Romeine 14:1** Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil.

  **Romeine 15:1-3** …Ons moenie aan onsself dink nie: elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou. Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie…

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*